# AFSKEID VAN DIE MODERNE WÊRELD?

## 'n Oorsig van die postmodernistiese kultuurkritiek[1]

J.M. Kirsten
Departement Filosofie, Universiteit van Port Elizabeth

ABSTRACT

What has come to be called 'postmodernism', it is argued along Habermasian lines, is based on the claim to have gone beyond the cultural framework of Western rationality and to have left it behind as the horison of an obsolete tradition. As such it represents a sweeping epochal self-characterisation in which modernity and the achievements of enlightened reason are abandoned. The aim of the paper is to provide a broad outline of the postmodern theorem through a conceptual clarification of the different terminological variations in which 'modern'/'post-modern' appears. Firstly, the term 'modern' is analysed with a view to determining the principles which have since become the target of postmodernist critique. Next, the analyses of 'modernity', 'modernism' and 'modernisation' are utilised to establish the philosophical, aesthetic and sociological discourses on modernity as the main discursive contexts in which the critique of Western logocentrism is articulated. Finally, the term 'postmodernism' is analysed in order to formulate a provisional conclusion concerning the nature of the postmodernist rejection of modernity. It is suggested that postmodernism represents a revolt against modernity rather than a genuine abandonment of its presuppositions.

'Postmoderniteit' is 'n ongemaklike woord, een waaraan 'n mens nie sommer vat kry nie. Dit is nie net te wyte aan die betreklike onomlyndheid van

---

[1] Redaksioneel gewysigde weergawe van 'n lesing gehou voor die Oos-Kaaplandse Werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns op 23 Maart 1987 te Port Elizabeth.

'n beweging wat nog nie tot volle selfbewussyn gekom het nie. Daar is in Heidegger se sin van die woord ook iets onheilspellends omtrent postmodernisme. Gekarakteriseer deur 'n strategie van destabilisering, verplasing en ondermyning, roep dit 'n wêreld op wat sy vaste grond en oriënterende sentrum kwyt geraak het, 'n wêreld sonder verwysingsraamwerk waarin eindelose tekstualiteit self die laaste woord spreek en interpretasie vrye spel word.

Sonder om die vooronderstellinge te aanvaar waaronder die begrip optree, bly 'postmoderniteit' 'n woord wat deur sy diffuse en speelse aard alle definisies en kategoriseringe weerstaan. Wat haalbaar is, is 'n voorlopige bestekopname, en dit vereis dat die ruimte geskep word waarin hierdie begrip hom in al sy permutasies en diverse verskyningsvorme kan vertoon. Vandaar die keuse om postmodernisme in hierdie oorsigartikel as 'n kulturele beweging met uitgesproke kultuurkritiese bedoelinge te interpreteer.

## 1. POSTMODERNITEIT AS KULTUURKRITIESE KATEGORIE

Daar het in die jongste nadenke oor die kultuur opvallende verskuiwinge opgetree. Dit blyk dat die kultuurfilosofie in 'n toenemende mate 'n kritiese dissipline met praktiese oogmerke word.

Daarmee bedoel ek in die eerste plek dat die suiwer teoretiese belangstelling in die wese en grondslae van die kultuur drasties afgeneem het. Dit is meer praktiese vrae wat tans op die voorgrond tree - kwessies wat direk relevant is vir die formulering van 'n kultuurbeleid of -strategie vir die toekoms. Onderwys en wetenskap, produktiwiteit en arbeidsverhoudinge, behuising en ruimtelike ordening, psigiese oorbelading en volksgesondheid, natuurbewaring en omgewingsbesoedeling, massamedia en informasieverspreiding, hervorming en demokratisering is enkele van die sake wat gereëld in die openbare media, op simposia en in navorsingsprojekte aangespreek word. Die wesenlike vrae van die kultuurfilosofie word nie langer in 'n kulturele lugleegte gestel, d.w.s. in abstraksie van die konkrete maniere waarop en vorms waarin die wêreld daagliks bewoon word nie. Dit is in hierdie verband dat ek die moderne wêreld as tema aan die orde wil stel. Wanneer 'n mens die woord 'kultuur' hoor, roep dit allerlei kontrasterende

assosiasies op: F.A.K. en Women's Lid, volksfeeste en popfeeste, stryddae en versetbewegings, taalhandhawing en seksuele bevryding, kennisontploffing en bevolkingsontploffing, ens. Sulke uiteenlopende assosiasies is 'n uitdrukking van die konflikte en teenstrydighede van die huidige wêreldtoneel. Van die naoorlogse Westerse wêreld word uiteenlopende definisies gegee. Eietydse epogbeskrywinge wissel van ruimte-, atoom- en elektroniese eeu tot by wetenskapskultuur, arbeidsbestel, laatkapitalistiese samelewing en tegnologiese tydvak. Wat vertel dit ons van die prestasies en die probleme van die moderne wêreld, van die uitdagings en impasses waarmee ons Westerse kultuurstrategie vandag gekonfronteer is?

In die tweede plek blyk dit dat historiese analises en struktuurbeskrywings van die moderne wêreld deur die kultuurfilosofie in 'n toenemende mate kritics toegespits word op 'n evaluering van die sin en onsin, die waarde en onwaarde, die rasionele en irrasionele, die diensbare en die uitgediende in ons Westerse kultuurerfenis. Die noodsaaklikheid van 'n prakties-gerigte kritiek word onderstreep deur die skynbaar kritieke situasie waarin die Westerse kultuur hom bevind. Die meeste diagnoses van ons tydvak verwys na een of ander krisissimptoom. Trouens, die woord 'krisis' het al sinoniem geword met die tipering van een of ander faset van die moderne wêreld. In dié trant is ons vertroud met 'n energiekrisis, 'n ekologiese krisis, 'n monetêre krisis en weet ons van gesags-, legitimiteits- en identiteitskrisisse. N.a.v. die wydverspreide onbehae in die Westerse kultuur, wil ek die tema van die moderne wêreld in verband bring met die verskynsel van **moderniteitskritiek**, met die verskeidenheid van kritiese diskoerse oor die moderne wêreld. Uit regse oord word meermale verwys na die toenemende sekularisme en nihilisme, die groeiende permissiwiteit en sedelike verwildering, die stygende misdaad en terreur, die aanwassende sosialisme en kontra-kultuur as sovele skrifte teen die reeds wankelende muur van 'n kultureel uitgeholde en moreel bankrot Westerse beskawing. Van links word weer gepraat van die rasse- en seksdiskriminasie, die strukturele geweld en ekonomiese uitbuiting, die ongelyke welvaartsverdeling en die ideologiese en sosiale manipulasie deur buro- en tegnokrate as sovele tekens van die gesofistikeerde onreg, subtiele dissiplinering en kliniese onmenslikheid van die kapitalistiese samelewing.

'n Besondere vorm van moderniteitskritiek is tans besig om oor 'n wye front opgang te maak. Te oordeel hiérna, leef ons in 'n tydvak waarin die moderne Westerse samelewing en die erflating van die Verligting in die algemeen, in diskrediet geraak het en die teoretiese, praktiese en estetiese verworwenhede van die verligte rede gewantrou word. Dit vertolk 'n gees van aanklag teen rasionalisme, humanisme, individualisme en progressiwisme - eens die towerwoorde van 'n tradisie wat nou onder die verdenking van kulturele imperialisme staan en waarvan die naderende ondergang voorspel word. Hierdie radikale vorm van moderniteitskritiek het die benaming van postmodernisme aangeneem. In die algemeen gesproke, is dit 'n gesofistikeerde artikulasie van die verbreide sentiment dat die moderne mens sy kulturele, sosiale en politieke hulpbronne uitgeput en aan die einde van 'n tydvak gekom het.

Die term 'postmodernisme' het tot onlangs toe 'n wesenlik estetiese strekking gehad. Dit word in die laat-vyftigerjare deur Irving Howe (1959) en Harry Levin (1966) in die literêre kritiek ingevoer om die afplatting van die modernistiese beweging te betreur. Ook in die dekade van sestig word die term feitlik uitsluitlik in literatuurteoretiese kringe gebruik (Köhler, 1977). In gemeenskaplike verset teen die geïnstitusionaliseerde en gekodifiseerde hoë modernisme van die 'New Critics', propageer Ihab Hassan, Leslie Fiedler en Susan Sontag op uiteenlopende maniere 'n postmoderne vorm van literatuur. Alhoewel die post-moderne idioom in hierdie tyd alreeds in sosiaal-wetenskaplike studies oor modernisering optree, is dit eers in die sewentigerjare dat die term 'n meer algemene en wyer gebruik verkry - allereers in die argitektuur (Jencks, 1978) en dan in die beeldende en uitvoerende kunste en die film (Huyssen, 1984:11). Gedurende die middel-sewentigs verhuis die term van die VSA via Parys en Frankfurt na Europa waar dit die filosofiese debat binnedring. Veral Kristeva (1980) en Lyotard (1979, 1982) het dit in Frankryk opgeneem en Habermas (1981a, 1985a) en Wellmer (1985) later in Duitsland. Intussen, terwyl literêre kritici in die VSA begin het om die verwikkelde verhouding tussen estetiese postmodernisme en Franse dekonstruktivisme uit te pluis (Lentricchia, 1980, Arac, 1983), het daar in neokonserwatiewe kringe 'n alternatiewe, polities-reaksionêre vorm van post-modernisme ontwikkel (Haberman, 1985b). Teen die tagtigerjare het die modernisme/postmodernisme-konstellasie in die kunste en die moderniteit/postmoderniteitdebatte in

die sosiale wetenskappe en die filosofie een van die mees kontensieuse terreine van die intellektuele lewe in die Westerse samelewing geword. 'Post-moderniteit' het inmiddels sy eksklusiewe estetiese konnotasie verloor; dit kan nie langer bloot as 'n nuwe literêre paradigma of as 'n kwessie van 'n alternatiewe artistieke styl beskou word nie. Dit verteenwoordig daarenteen 'n breë kulturele beweging wat deur politieke affiliasies en historiese agendas gekenmerk word en wat in verskillende intellektuele diskoerse neerslag vind. Dit is in hierdie ruim sin wat ek die term wil gebruik. Ek verstaan 'postmoderniteit' as een van die belangwekkendste kritiese kategorieë waarmee die lotgevalle van die Westerse kultuurtradisie vandag onder die loep geneem word. Dit vorm terselfdertyd die jongste in 'n indrukwekkende reeks van epogale selfkarakteriseringe waarin van die moderne wêreld afskeid geneem word.

Die verwikkelde problematiek en lewenskragtige debat wat daar oor 'n breë kulturele front rondom die tema van moderniteit en postmoderniteit ontwikkel het, staan uiteraard nie in isolasie van ander intellektueel ter sake diskussiepunte en vorms van moderniteitskritiek nie. Die vermoede dat 'n epogwending op hande is, word op verskillende maniere binne verskillende gespreksamehange geformuleer. In verband met die 'einde van die filosofie'-debat hoor ons deesdae van die 'einde van die metafisika' en die 'einde van die subjek' (Baynes, 1987; Rajchman, 1985; Redner, 1986). Nietsche se **Götzen-Dεda.mmerung** dien as 'n inspirasiebron vir 'n **Twilight of Subjectivity** (Dallmayr, 1981) waarin die 'dood van die individu' en die 'dood van die mens' vasgestel word. Gedurende die afgelope dekade of twee het dit in verskillende akademiese dissiplines gebruiklik geword om die huidige tydvak met behulp van 'post'-karakteriseringe te beskrywe - so bv. word ons eietydse Westerse samelewing om die beurt as 'postkapitalisties', 'postindustrieel', 'postchristelik', 'postmarxisties' 'postindividualisties', of dan as 'postmodernisties', bestempel (Lyotard, 1979, Foster, 1985, Touraine, 1969).

Wat die verskillende variasies van die postmoderne teorema met mekaar deel, is 'n gemeenskaplike opposisie teen die voltooiing van dit wat ons die 'projek van die Moderne' (Habermas, 1981a) of die 'tradisie van die Verligting' (Kirsten, 1978:7-15) kan noem. As historiese projek verwys die Moderne na die vertroue wat daar sedert die Verligting in die

progressiewe verwerkliking van die rede en die vryheid in die geskiedenis gestel is en na die tradisie van wetenskaplike en politieke emansipasiebewegings waarin daar onderneem word om hierdie proses op 'n teoretiese en praktiese vlak voort te sit. In 'n meer teoretiese sin slaan dit op die geskiedfilosofieë, maatskappyteorieë en estetiese ontwerpe sedert die 18de eeu wat hul tot die kulturele waardes van 'n kritiese rede, universele norme en 'n outonome kuns verbind het met die verwagting dat dié waardes nie alleen die uitbreiding van die mens se heerskappy oor die natuur sal bevorder nie, maar ook sal bydra tot die ontwikkeling van 'n objektiewe wêreldbeeld, die maatskaplike institusionalisering van morele en regsbeginsels en die vermeerdering van menslike geluk en welsyn in die algemeen.

Die beskawingsoptimistiese vereenselwiging van geskiedenis en emansipasie, van tegnies-wetenskaplike vooruitgang en sosiale bevryding, van arbeid en toenemende geregtigheid, kennis en morele verbetering het teenswoordig ongeloofwaardig geword. Auschwitz, Hiroshima en die Goelag Argipel, epidemiese hongersnood, globale terreur en die eskalerende wapenwedloop, grootskaalse identiteitsverlies, psigose en anomie getuig daarvan dat die mens van die 20ste eeu nie die politieke vryheid, sosiale geregtigheid en persoonlike geluk verwerf het waarop daar in die Verligtingstradisie gereken is nie. Die diskreditering van die emansipatoriese aansprake van die Moderne word verder in die hand gewerk deur die feit dat die idees van redelikheid, vryheid en humaniteit en begrippe soos outonomie en mondigheid, totaliteit en versoening, kontinuïteit en ontwikkeling wat saam met die vooruitgangsidee ter omskrywing van die bedoelinge van die Verligting diens gedoen het, steeds meer onbepaald en willekeurig word na mate die religieus-metafisiese, humanistiese, etnosentriese en paternalistiese kontekste waarbinne dit tradisioneel gefunksioneer het, hul gelding verloor. Hieruit trek die postmodernisme die verreikende konsekwensie dat die vertroude Verligtingstradisie glad nie langer geskik is as 'n konseptuele verwysingsraamwerk waarbinne die funksie en draagwydte van die rede en die posisie en rol van die subjek in die geskiedenis op 'n geloofwaardige wyse ter sprake gebring kan word nie. Gevolglik word daar van die grondmodel van die moderne denke, die Cartesiaanse paradigma van die outonome, subjek-gesentreerde rede, afgestap en die konstituerende, geskiedenismakende rol van die mens ter syde gestel.

Daardeur meen die postmodernisme om buite die rasionalistiese en humanistiese kader van die Verligting te getree en dit as die horison van 'n oorwonne tradisie agter te gelaat het.

Die radikale strekking van die postmodernistiese kultuurkritiek kan moeilik oorskat word. Die verklaarde afskeid van die moderne wêreld berus op die aanspraak om volledig buite die intellektuele tradisie te getree het waarin ons moderne mens- en wêreldbegrip, asook die selfbegrip van die Moderne, oorspronklik gevorm is. Elke tydvak in die Westerse kultuurgeskiedenis het sy kultuurkritici gehad. Ook vandag kom kultuurkritiek in 'n verskeidenheid van o.a. ekologies-, romanties-, kosmologies-, christelik- en neomarxisties-geïnspireerde vorms voor. In hierdie gevalle gaan dit egter om 'n rehabilitasie eerder as om 'n afskrywing, om 'n kritiese voortsetting eerder as om 'n summiere opskorting van die tradisie. Marx het die konsep van immanente kritiek netjies onder woorde gebring toe hy beweer het dat die rede altyd bestaan het, maar nie altyd in 'n redelike vorm nie (1971:169). Die Marxistiese program om die moderne maatskappy op revolusionêre wyse met sy ware wese in ooreenstemming te bring, beoog, in 'n breër kultuurkritiese verband gesien, bloot om die volle potensiaal van die moderne wêreld te realiseer. I.p.v. om die tradisie waaruit dit sélf voortkom op só 'n manier van binne-uit te transformeer, neem die postmodernisme daarbuite stelling in en onderwerp die Westerse kultuur sodoende aan 'n totale kritiek wat uitloop op 'n abstrakte negasie van die grondbegrippe en teoretiese paradigmas, die leidende ideale en motiewe, die waardesisteme en politieke stelsels van die Verligtingstradisie.

Die kulturele inwerking van die postmoderne idioom is klaarblyklik wanneer daarop gelet word dat dit gedurende die afgelope anderhalwe dekade ten koste van die (neo)marxistiese opsie veld gewen het (Kirsten, 1982). Trouens, die oënskynlike stagnasie en selfs aftog van die Marxisme in linkse intellektuele kringe in die Weste hou direkte verband met die opgang wat verskillende variante van postmodernisme, veral in samehang met die sg. 'nuwe sosiale bewegings' (Cohen, 1985), besig is om te maak (Jay, 1984:510-537). Die wisselende lotgevalle van hierdie alternatiewe vorms van kultuurkritiek hang in die breë saam met die wêreldwye verskynsel van 'n neokonserwatiewe 'Tendenzwende' : in Europa en die VSA kom die links-radikale retoriek van emansipasie

toenemend onder druk van die konserwatiewe kulturele alliansie tussen liberalisme en tegnokrasie (Habermas, 1985b).

In die lig van hierdie oriënterende opmerkings wil ek vervolgens probeer om die postmodernistiese kultuurkritiek in breë trekke te omlyn deur kortliks duidelikheid te verkry oor die verskillende terminologiese variasies waarin die woord 'modern'/'postmodern' voorkom:

- Eerstens wil ek die term 'modern' probeer lyf gee. Die bedoeling is om die grondbegrippe te identifiseer wat die spesifieke skyf van postmodernistiese kritiek vorm en as die vervalle postulate van die Moderne uitgemaak word (2);

- Tweedens wil ek die terme 'moderniteit', 'modernisme' en 'modernisering' onderskei. Die oogmerk is om vas te stel in watter kritiese diskoerse die moderniteitsdebat gevoer en die afskeid van die Moderne voltrek word (3);

- Derdens wil ek die term 'postmodernisme' van naderby bekyk met die oog op 'n voorlopige gevolgtrekking omtrent die aard van die postmodernistiese verwerping van die moderne wêreld: gaan dit hier inderdaad om 'n afskeid van die Moderne of bloot om 'n opstand daarteen?(4)

## 2. DIE VERVALLE POSTULATE VAN DIE MODERNE WÊRELD

Wat word met die term 'moderne wêreld', 'moderniteit', of dan die 'Moderne' bedoel? Ek kan nie hier op die lang en interessante geskiedenis van die term ingaan nie (Jauss, 1970; Martini, 1965; Piepmeier, 1984). Vir ons doel is dit belangriker om vas te stel wat die inhoudelike betekenis van die term is, d.w.s. hoe ons die Moderne in terme van sy grondbegrippe of leidende beginsels sal karakteriseer. Ietwat simplisties gesproke, kan ons sê dat die Moderne idee-histories in veral drie opsigte van die voorafgaande periodes in die Westerse kultuurgeskiedenis onderskei kan word: die moderne wêreld veronderstel 'n nuwe begrondingsprinsiep, t.w. die fundamentalistiese prinsiep van die outonome rede, 'n nuwe werklikheidsbegrip, nl. die antroposentriese begrip van die singewende subjek en, les bes, 'n nuwe

geskiedenismodel, t.w. die kontinuïteitsmodel van historiese vooruitgang. Vanuit die kritiese perspektief van die postmodernisme kwalifiseer hierdie drie moderne beginsels by uitstek as die vervalle postulate van die Moderne.

## 2.1 Die desublimering van die outonome rede

Die moderne wêreld word met 'n wesenlik nuwe probleem gekonfronteer: die probleem van (epogale) selfbegronding. In die Middeleeue en vroeg-Moderne was die topos van die Historia Magistra Vitae, van die geskiedenis as die leermeester van die lewe, nog aktueel (Koselleck, 1967). Daarvolgens regverdig die hede hom in sy inrigtinge en opvattings via, en as 'n herhaling van die verlede. Die oorgelewerde geld as die voorbeeld(ige) (Landmann, 1966:245). Vanaf die aanvang van die 17de eeu word mettertyd aan hierdie vanselfsprekende instruktiewe rol van verlede en tradisie 'n einde gemaak deur die opkoms van wat ek die fundamentalistiese prinsiep van die outonome rede wil noem. Die moderne mens is op homself en sy eie rede aangewys. Die basiese vooronderstelling van die moderne, subjekgesentreerde rede is om met niks anders as behalwe homself te begin nie. Dit kan en wil sy oriënterende maatstawwe nie meer aan die voorbeeld van ander tydvakke of aan een of ander gesagsinstansie ontleen nie. Gevolglik moet dit hierdie norme uit sy eie inventaris ontwikkel. Die moderne strewe na normatiewe selfbegronding moet in 'n breë kulturele verband gesien word. Dit volg uit die verbrokkeling van die religieus-metafisiese wêreldbeeld en die differensiëring van 'n enkele, monolitiese kultuur in die verselfstandigde waarde- of kultuursfere van 'n objektiewe wetenskap, universele moraal en reg en van 'n outonome kuns. Hierdie sfere besit elk 'n eie rasionaliteit of 'logika', in die sin dat dit selflegitimerend is. Die moderne wetenskap, reg en kuns regverdig die waarheid, geldigheid en outentisiteit van hul onderskeie standpunte nie langer m.b.v. die gesag van 'n buite-instansie nie, maar kragtens intern ontwikkelde kriteria vir kennis, geregitgheid en artistieke smaak, onderskeidelik (Habermas, 1981b:1, 225-293). Op hierdie manier proklameer die Moderne die geëmansipeerde, verligte rede - hetsy in 'n kognitief-instrumentale, moreel-praktiese, hetsy in 'n esteties-ekspressiewe vorm - as die finale grond en laaste toetssteen vir alle waarheid. Dit verklaar waarom die moderne wêreld nog altyd gekenmerk is en nog steeds bepaal

word deur die rustelose dinamiek van 'n onafgebroke normatiewe selfverantwoording.

In die kultuurkritiese boek van die postmodernisme kwalifiseer die fundamentalistiese prinsiep van die outonome rede as die eerste van die vervalle postulate van die Moderne (Burms, 1986; Angehrn, 1986; Baudrillard, 1983; Sloterdijk, 1983; Bouveresse, 1984; Marquard, 1981). Die postmodernistiese redekritiek fokus veral op die begrondingstrewe van die moderne rede en lê dit as 'n strewe na beheersing uit. Die begrondingstrewe word verdag gemaak deur die veronderstelde noodsaaklikheid, universaliteit en onvoorwaardelikheid van die rede te ondermyn. Ten aansien van die gewaande 'noodsaaklikheid' van die rede word bv. verwys na die historiese toevalligheid en die kultureel-bepaalde konvensionaliteit van die reëls, kriteria en produkte wat op enige gegewe plek en tyd as rasionele spreke en handeling kwalifiseer; die 'universaliteit' van die rede word o.a. bestry met verwysing na die onherleibare veelheid van inkommensurabele lewensvorme en daardeur van die onvermydelike 'lokale' karakter van alle waarheid, argumentasie en geldigheid; teenoor sy 'onvoorwaardelikheid' word die 'onsuiwerheid' van die rede in die geding gebring, sy inherente verwikkeldheid met geskiedenis en tradisie, samelewing- en magstrukture, praktyk en interesse, liggaam en begeerte. D.m.v. hierdie ondergrawingstegniek, so meen die postmodernisme, word nie net die illusie van 'n outonome, selfbegrondende rede verdrywe nie, maar onthul die rede ook sy ware identiteit. Dit is 'n fundamentele premis van die postmodernistiese redekritiek dat die moderne rede in sy geheel niks anders is as die wil tot mag wat dit so slinks verbloem nie. Daarmee word nie net bedoel dat die rede funksionalisties geword het nie, maar ook dat dit ideologies verdag is. Die vereenselwiging van die rede met die wil tot mag, volg uit die selfverwysende struktuur van die moderne opvatting van rasionaliteit. Verstaan as self-refleksie, beperk dit alle kennis tot die subjek/objek-skema met die gevolg dat die subjek alleen objektiverend met die wêreld én met homself kan omgaan. Daardeur maak die rede die binne-natuur afhanklik en ondeursigtig in en deur dieslefde handelinge waarmee dit veronderstel is om outonomie en selfkennis te bereik. Só verklaar die postmodernisme die transformasie van die rede van 'n middel tot bewusmaking en emansipasie in 'n repressiewe instrument van objektivering, kontrole en dissiplinering wat sy outonomie alleen deur

imperialisme en sy identiteit alleen deur uitsluiting (van die 'Ander") kan handhaaf (Foucault, 1966, 1975; Honneth, 1985; Böhme, 1983). Ten slotte blyk die rede dermate sosiaal en politiek gekompromiteer te wees deur die belang in selfhandhawing dat dit bloot 'n ideologiese weerspieëling word van die heersende magstrukture en dissiplinêre praktyke van ons moderne wêreld. Langs hierdie weg onderneem die postmodernisme 'n verreikende desublimering van die rede en sy aanspraak op outonomie en selflegitimering.

2.2 Die desentrering van die singewende subjek

Die Moderne word tewens gekenmerk deur die revolusionêre verandering wat daar gedurende die 18de eeu in die **werklikheidsbegrip** van die Europese mens opgetree het. Hierdie omwenteling in die self- en wêrelddefinisie van die moderne mens bestaan daarin dat hy homself nie langer kosmosentries in terme van sy bestaansorde begryp nie, maar omgekeerd die wêreld antroposentries vanuit sy mens-wees gaan interpreteer (Rossouw, 1972:17v.; Müller-Schwefe, 1971:72-115). Dit beskryf m.a.w. 'n ontwikkeling waarin die **homo civis**, die wonende mens, plek maak vir die **homo faber**, die makende mens; 'n ontwikkeling, anders gestel, waarin die mens in beginsel tot die outonome outeur van alle ordeninge verhef word. Dienooreenkomstig word die wêreld nie meer as 'n onveranderlike vestigingstruktuur, as 'n klassieke natuurorde of 'n Middeleeuse skeppingsorde, gekonsipieer wat aan die kennende en handelende mens buite sy eie beskikkingsmag om grense stel nie. Dit word eerder as 'n historiese gegewe opgevat, oor die konstruksie en inrigting waarvan die mens self in vryheid beslis. Kortom, die Moderne vooronderstel 'n mens- en wêreldbeeld waarin die begrip van 'orde' sy rol as oriënteringsruimte en interpretasieskema uitgespeel het en moet plek maak vir die begrip van 'geskiedenis' as die kategoriale raamwerk in terme waarvan die mens met sy wêreld omgaan en hierdie verband artikuleer. Die idee van die mens as **homo faber** en die ooreenstemmende idee van die wêreld as mensgemaakte geskiedenis, illustreer wat ek die **antroposentriese motief van die singewende subjek** genoem het, d.w.s. die installering van die menslike subjek as die min of meer absolute referensiepunt van die werklikheid. Dit demonstreer terselfdertyd die verreikende sekularisering wat die Christelike eskatologie in die Moderne ondergaan, t.w. die voorstelling van die beloofde Godsryk as die binne-

historiese ryk van die vryheid wat deur die emanispatoriese selfwerksaamheid van die mens verwerklik moet word.

Die postmodernisme beoog nie net 'n desublimering van die rede nie, maar ook 'n desentrering van die outonome, redelike subjek. I.p.v. om 'n premie te plaas op die kognitiewe en morele subjek as die konstitutiewe sinsentrum van die geskiedenis, word begrippe soos 'anonieme struktuur', 'selfregulerende sisteem', 'sosiale praktyk', 'dissiplinêre diskoers', ens. ingevoer om die uitgediende humanistiese verwysingsraamwerk van die Verligting te vervang. Daardeur word ons onder meer attent gemaak op die invloed van die onbewuste op die bewuste, op die rol wat die voor- en nie-konseptuele in die konseptuele speel en op die alomteenwoordigheid van die irrasionele - die 'ekonomie van begeerte', die 'wil tot mag' - in die hart van die rasionele, asook op die intrinsieke sosiale aard van bewussynstrukture en die kulturele bepaaldheid van denkkategorieë en handelingsbeginsels. Binne die postmodernistiese diskoers vorm die aandrang op teorieë sonder identiteit, op strukture sonder vaste sentrum, op kennis sonder subjek, op sosiale sisteme sonder handelende individue, op taalsisteme sonder sprekende mense, die keersy van 'n meedoënlose ontmitologisering van die tradisionele denkskemas van die Verligtingstradisie waarin die selfbewuste, selfidentiese en histories-kontinue subjek die vanselfsprekende grondslag vir die filosofiese en wetenskaplike teorievorming uitmaak. Die postmodernisme word geïnspireer deur 'n uitgesproke teoretiese anti-humanisme wat wil aantoon dat die moderne mens met die totaliteit van sy denke, praktyke, verhoudinge en tradisies aan dieselfde organisasieskemas deel het en van dieselfde kategorieë afhanklik is as die verwetenskaplikte en geburokratiseerde maatskappy van vandag. Juis daarom kan daar nie 'n beroep gedoen word op die mens as 'n vaste verwysingspunt vir kennis en handeling nie. Die ek-gesentreerde, egologiese denke is ingewissel vir 'n eksentriese, anonieme denke (Soper, 1986; Borms, 1986; Bourdieu, 1983; Schürmann, 1979). Daarmee kom nie net die sentrale en funderende rol van die subjek as konstitueerder én kontinueerder van die geskiedenis op losse skroewe te staan nie, maar kom die feitelike bestaan en empiriese demonstreerbaarheid van die menslike subjektiwiteit en vryheid sélf in die gedrang. In 'n sekere sin verteenwoordig die desentrering van die mens as singewende subjek 'n tweede Kopernikaanse revolusie: ná die aarde hou nou ook die mens op om 'n vanselfsprekende sentrum van

werklikheidsoriëntasie te wees. Ná die inwisseling van God vir die outonome, redelike subjek, word uiteindelik ook die mens vervang.

### 2.3 Die detotalisering van die vooruitgangsgeskiedenis

Die moderne wêreld, so is beweer, veronderstel ook 'n nuwe geskiedenismodel, t.w. die kontinuïteitsmodel van historiese vooruitgang. Dit hang saam met die bewegingsbegrippe wat in die loop van die 18de eeu hul verskyning maak: vooruitgang, ontwikkeling, revolusie, emansipasie, krisis, tydgees, ens. (Koselleck, 1979:349v.) Die geskiedenisopvatting wat hierdeur gesuggereer word, is dié van 'n progressiewe historiese totaliteit. Die besinning oor die geskiedenis is sélf histories bepaald. Daar kan in dié verband aangetoon word dat die totaliteitsopvatting van die geskiedenis saamhang met die mondiale eenheidsbewussyn en historiese kontinuïteitsbesef wat die Europese mens in die loop van die 18de eeu ontwikkel het - o.a. danksy objektiewe tendense soos die koloniale ekspansionisme en die opkomende wêreldhandel (Habermas, 1971:276-279, 1973:389-398). Omstreeks 1750 vind daar 'n opvallende verskuiwing in die Duits plaas: die begrip van geskiedenis as eksemplariese berig ('Historie') word deur dié van die geskiedenis as daadwerklike gebeure ('Geschichte') verdring. Terselfdertyd ondergaan die begrip 'Geschichte' self ook 'n strukturele betekeniswysiging. Dit kom tot uitdrukking in die gebruik van die versamelenkelvoud 'die Geschichte' (vir 'das Geschichte' en 'die Geschicht') (Koselleck, 1967:205). Die konsep van 'geskiedenis as sodanig', resp. van 'wêreldgeskiedenis' verwys na 'n universele samehang van gebeure en veronderstel die beginsel van kontinuïteit as die paradigma van historiese konstruksie (Baumgartner, 1979). Die geskiedeniskonstruksies in die Verligtingstradisie is almal ontwikkelingshistoriese skemas in dié trant. Die geskiedenis word vanuit die gesigspunt van een of ander eenheidstigtende faktor as 'n totaalproses uitgelê wat op homself sin het deur innerlike samehang en redelike konsekwensie en wat as sodanig 'n sekere progressie van die oue na die nuwe en betere waarborg.

In die postmoderne denke word daar op 'n beslissende manier van hierdie historiese model afgestap. Ons vind daarenteen 'n detotalisering van die geskiedenis wat daarop bereken is om die Westerse denke te bevry van die humanistiese en progressiwistiese retoriek waarin daar oor die

geskiedenis gepraat word (Descombes, 1980:110-135; Foucault, 1969, 1984:139-164; Poster, 1984:70-94). Eerstens, so word aangevoer, kan kontinuïteit nie langer as die paradigma van historiese konstruksie gehanteer word nie. In die postmodernistiese visie val die veronderstelde historiese kontinuum in 'n diskontinue en heterogene geheel uiteen, bestaande uit verskillende tydvakke waarvan elk deur 'n eie frekwensie en 'n differensiële kodering van vroeër en later bepaal word. Die diachroniese, ontwikkelingshistoriese idioom moet nou plek maak vir 'n sinchroniese benaderingswyse wat die probleem van die geskiedenis as 'n probleem van diskontinuïteit, breuk en transformasie definieer. Op hierdie wyse word die universele konstruksies van die Verligting ten aansien van die baie spesifieke konstellasies en kontekste van minderheidsgroepe, subkulture en regionale geskiedenisse gerelativeer en sy meesterverhale, as diskoerse van identiteit en mag, met verskille in ruimtelike ligging en temporele stratefikasie en in geslag, klas en ras gekonfronteer. Die detotalisering van die geskiedenis behels tweedens dat die konsep van historiese vooruitgang as 'n mite afgewys word. Die Verligtingsidee van 'n ratio directa, d.w.s. die voorstelling van die geskiedenis as 'n ononderbroke opgang van die rede en die vryheid sedert die Renaissance, het geen basis in die empiriese werklikheid nie. Dit verwys eerder na die manier waarop historici en filosowe 'n bepaalde voorstelling van die hede probeer regverdig deur die verskille met die verlede te elimineer. Die postmodernisme wil hierdie ideologiese manipulasie van die verlede teëwerk. I.p.v. om die landskap van die verlede in die kleure van die hede te skilder, is die oogmerk daarenteen om die verlede van die hede af te sny ten einde so, via 'n demonstrasie van die wesenlike andersheid van die verlede, die legitimiteit van die hede te ondermyn. Die konsekwensies van die postmodernistiese strategie van detotalisering is verreikend: dit impliseer eerstens dat die moderniteitsproblematiek nie langer op 'n ongedifferensieerde historiese totaliteit gerig kan wees nie en dat dit, tweedens, nie meer in terme van 'n reglynige en kontinue emansipasieproses behandel kan word nie.

## 3. DIE KRITIESE DISKOERSE OOR DIE MODERNE WÊRELD

Die postmodernistiese retoriek, so is sopas vasgestel, word deur 'n desublimering van die rede, 'n desentrering van die subjek en 'n detotalisering van die geskiedenis gekenmerk. Daaruit blyk reeds dat

die moderniteitsdebat ten diepste om 'n interpretasie en beoordeling van die verband tussen moderniteit en rasionaliteit wentel. Die sentrale vraag wat ter diskussie staan, is of die moderne wêreld op 'n bindende wyse as die produk van 'n rasionaliseringsproses, d.w.s. as 'n historiese objektivering van rasionele strukture, verstaan kan word, en of die opvatting van dié 'rede in die geskiedenis' juis deel vorm van die meta-diskoers van die Verligtingstradisie wat in sy geheel ter syde gestel moet word. Ons het gesien dat postmodernisme 'n keuse vir die tweede opsie behels. I.p.v. om die projek van die Moderne te voltooi, wil dit heeltemal buite die tradisie van die rede stelling inneem.

Die moderniteitsdebat is egter nie 'n homogene aangeleentheid nie. Die tersaaklike problematiek word binne verskillende diskoerse opgeneem en uitgewerk. Die belangwekkendste hiervan is die **filosofiese, estetiese en sosiologiese** diskoerse. Opgebou rondom die kernbegrippe van '(post)moderniteit', '(post)modernisme' en 'modernisering', onderskeidelik, bied elkeen 'n selfstandige perspektief op die moderniteitsprobleem. In die filosofiese diskoers neem die probleem die vorm aan van 'n kritiese ondervraging van **die moderne konsep van rasionele selfbegronding**; in die estetiese diskoers gaan dit om die houdbaarheid van die **modernistiese idee van 'n outonome kuns**; en in die sosiaal-wetenskaplike diskoers is dit die status van die **proses van kapitalistiese modernisering** wat getematiseer word. Ek kan net in baie breë trekke op elkeen van hierdie diskussietemas ingaan.

### 3.1 Die filosofiese diskoers oor moderniteit

Die filosofiese diskoers oor die Moderne (Habermas, 1981a, 1985a; Lyotard 1979, 1982; Bernstein, 1985; Lawson, 1985; Schmidt, 1986; MacIntyre, 1981; Rorty, 1980; Oelmüller, 1969; Madigan, 1986; Gamm, 1986; Love, 1986) wat vanaf sy aanvang aan die einde van die 18de eeu nog altyd verweef was met die estetiese en, sedert die werk van Weber, ook met die sosiologiese diskoers, het sy oorsprong en 'n blywende bron van inspirasie in die denke van Hegel. Hegel is die eerste denker wat die tema van 'moderniteit' filosofies ernstig geneem het deurdat hy die probleem van die normatiewe selfbegronding van die Moderne as die grondprobleem van die filosofie erken het (Habermas, 1985a:26-64).

Hegel is ook die persoon wat die wissel op die spoor geplaas het waarlangs die filosofiese diskussie 'n anderhalwe eeu lank beweeg het. Soos paradigmaties deur hom vasgelê, sentreer die diskoers rondom die kritiek op die subjektiwistiese rasionalisme van die Verligting, d.w.s. rondom die ontoereikendheid van die subjek-gesentreerde rede om as die bron van normatiewe oriënteringe vir 'n voorbeeldlose moderne wêreld op te tree. Die subjektiwiteitsbeginsel verklaar volgens Hegel sowel die superioriteit as die krisiskarakter van die moderne wêreld. Ondanks die emansipatoriese verworwenhede van selfbewussyn, refleksie, subjektiewe vryheid, individualiteit en menseregte, is dit nie by magte om die versoenende mag van die gediskrediteerde godsdiens in die medium van die rede te regenereer en die radikale fragmentasie van die lewe uit eie krag te oorwin nie (1949v, 2:372-459). Die eerste filosofiese poging om die Moderne te begryp, is dus gelykoorspronklik met 'n kritiek op die grondprinsiep van die Moderne. Vanaf die aanvang daarvan in die Hegeliaanse kritiek op die transendentale idealisme van Kant en Kie, omvat die filosofiese diskoers oor moderniteit m.a.w. ook 'n tééndiskoers waarin die gediagnoseerde patologieë van die moderne wêreld in die vorm van 'n rasionele kritiek van die rede uitgewerk word.

Die kritiek van die Moderne het teenswoordig in 'n totaal nuwe fase getree. In samehang met die 'einde van die filosofie'-debat word daar veral in die geledere van die Franse poststrukturaliste (Frank, 1984; Megill, 1985; Descombes, 1980; Fekete, 1984; Mellville, 1986) 'n vorm van redekritiek ontwikkel wat daarop bedag is om die interne samehang tussen moderniteit en rasionaliteit te verbreek deur buite die konseptuele raamwerk van die Westerse rasionalisme as sodanig te tree. Die huidige debat oor die 'einde van die filosofie' is meesal variasies op temas wat in vroeëre rondtes aangesny is - vanaf Hegel se spekulatiewe voleindiging en Marx se praktiese verwerkliking tot by Wittgenstein se terapeutiese afskeid en Heidegger se dramatiese oorwinning. Vir die poststrukturaliste is dit egter by uitstek Nietzsche wat as inspirasie dien en die agenda voorsien. Hul heroïese proklamasie van die einde van die filosofie - hetsy in die raam van dekonstruksie of van genealogie - beoog in die eerste instansie die ondermyning van die aanmatigende idee van die rede wat die Moderne en sy humanistiese tradisie onderlê. I.p.v. om die teendiskoers te hervat wat, as 'n kritiek van die subjek-gesentreerde rede en sy konsekwensies, die filosofiese diskoers oor die

Moderne sedert sy aanvang by Hegel begelei het, volg die poststrukturalisme die weg van die kontra-Verligting wat deur Nietzsche voorberei is. Streng genome gaan dit om twee paaie wat van Nietzsche tot in die hede voer - een wat by sy destruksie van die metafisika aansluit en via Heidegger na Derrida lei en een wat van sy magsteorie uitgaan en via Bataille na Foucault loop (Habermas, 1985a:120). Hoe uiteenlopend ook al deurgevoer, beide weë loop uit op die transformasie van die rasionele kritiek van die rede in 'n kritiek van die rede **tout court** in die naam van 'n retories bevestigde 'Ander' van die rede.

Die radikale redekritiek het die sterk konsep van die rede en van die outonome, redelike subjek wat in die geskiedenis van die filosofie vanaf Descartes tot by Kant ontwikkel is, in die visier. Die inhoud van hierdie kritiek is reeds in die gedeelte oor die vervalle postulate van die Moderne behandel. Ek volstaan deur op 'n belangrike konsekwensie daarvan te wys. Die desublimering van die rede en die desentrering van die subjek lei nl. tot die volslae ontkragtiging van die filosofie in sy tradisionele rol as begrondingswetenskap, as 'n selfgenoegsame regverdiging van kennis en norme, en as bewaker en woordvoerder van die rede, as oordeelsbevoegde regter oor rasionaliteit. In die poststrukturalistiese denke neem dit die vorm van **'n dekonstruksie van die logosentriese selfbegrip van die filosofie** aan (Derrida, 1967a, 1967b; Norris 1982; Culler, 1983; Rorty, 1982:90-109). Die logosentrisme van die filosofie blyk uit sy tradisionele selfafbakening van die retoriek en poëtiek, soos weerspieël in die gestandaardiseerde teenstellinge tussen **logos** en **muthos**, logika en retoriek, konsep en metafoor, argument en verhaal, ens. Dekonstruksie is o.a. daarop gemik om die logosentriese selfmisverstaan van die filosofie te ondermyn deur die spanning tussen rede en retoriek m.b.v. die toepassing van allerlei vorms van literêre kritiek op filosofiese tekste, te eksploiteer. Daardeur word nie alleen die illusie van 'n suiwer rede verdrywe nie; eenmaal as retoriese konstruksies deurskou, kan filosofiese tekste nie langer in enige emfatiese sin as filosofies gekonsipieer word nie. Kragtens die omstelling van die tradisionele primaat van die logiese oor die retoriese, word ten slotte ook die genre-onderskeid tussen filosofie en literatuur genivilleer (Habermas, 1985a:219-247).

### 3.2 Die estetiese diskoers oor modernisme

Die estetiese diskoers wat die probleem van die Moderne veral vanuit die kaders van die kunsteorie (Bürger, 1974; Wllmer, 1985; Foster, 1984, 1985; Calinescu, 1977; Lunn, 1982; Huyssen, 1981, 1984; Wolin, 1984 en in 'n breë kulturele verband Verman, 1982 en Arac, 1986), die literatuurteorie (Köhler, 1977; Jauss, 1983; Hassan, 1982; Thurley, 1983; Holthusen, 1984; Jameson, 1984a, 1984b; Graff, 1973; Alter, 1975) en die argitektuurteorie (Portoghesi, 1982, Jencks, 1973, 1978, Venturi, 1966, 1972, Wolfe, 1983) ter sprake bring, sentreer rondom 'n tema wat deur die historiese avantgarde (Russiese konstruktivisme, Italiaanse futurisme, surrealisme en dadaïsme) in omloop gebring is. Die poging van veral die surrealisme om die selfgenoegsame sfeer van die kuns d.m.v. 'n versoening van kuns en lewe op te hef, het die modernistiese idee van 'n outonome kuns, van l'art pour l'art, op 'n radikale wyse uitgedaag. Dit het 'n debat geopen waarin die idee van 'n kuns van eksperte en van afsonderlike kulturele spesialiteitsgebiede wat in verskillende gebiede van kompetensie gefundeer is, asook die konsepte van 'n formele estetiese rasionaliteit en van 'n internasionale kultuur, ter diskussie staan.

Die geskiedenis van die moderne kuns vertoon 'n breë tendens tot 'n steeds grotere outonomie, sowel in die definiëring van kuns as in die kunspraktyk self. In die loop van die 18de eeu word literatuur, die skone kunste en musiek die eerste maal as aktiwiteite geïnstitusionaliseer wat los en onafhanklik van die kerklike en hoflewe beoefen word. Die professionele organisasie van die kuns as 'n outonome kultuursfeer het sy voor- en nadele gehad. Deur selflegitimerend te werk te gaan, verower die kuns enersyds vir homself die reg tot onafhanklike selfobjektivering wat tot 'n histories presendentlose uitbreiding van die grense en variasies van betekenisvolle estetiese ekspressie gelei het. Andersyds bevestig die institusionalisering van die kuns egter ook die groeiende distansie tussen die kultuur van kunseksperte en die algemene publiek. Dit lei tot 'n estetisme wat van die outonomie van die kuns 'n berekende projek maak - tot so 'n mate dat die media van ekspressie en die tegnieke van produksie uiteindelik ophou om primêr die saak van representasie te dien en sélf die estetiese objek word. Die kuns word m.a.w. volledig selfgesentreerd; sy outonomie kulmineer in sy selfverwysende aard.

Die moderne projek om die verskillende kultuursfere volgens hul innerlike logika te ontwikkel, ryk soos wat hierdie dissiplinêre program eenmaal was, lei in die geval van die kuns daartoe dat sy inhoud veryl en sy vorme verstar het. Sy vervreemding van die lewe beteken ook dat die utopie van versoening wat die moderne kuns nog altyd m.b.t. die geheel van die lewe nagehou het, sy kritiese impuls ingeboet het. Dit is die historiese situasie wat die eksplosiewe kragte gegenereer het wat hul uiteindelik in die eerste dekades van hierdie eeu in die kontraprojek van die avantgarde ontlaai het. Hierdie program wat deur die surrealiste geïnisieer en op die mees provokatiewe wyse deur die dadaïste deurgevoer is, bepleit die afskaffing van die kultuur van eksperte d.m.v. 'n oplossing van die kuns in die lewe. In teenstelling met die moderne kuns wat die estetiese utopie verbind met die idee dat die estetiese alleen saas. 'skone illusie' 'n bevrydende krag ontwikkel, propageer die avantgarde 'n onmiddellike estetisering van die lewenswêreld. Die outonomie van die kuns moet direk vernietig word deur kuns en lewe m.b.v. 'n gedwonge gelykskakeling van fiksie en praktyk, skyn en werklikheid, artefak en gebruiksvoorwerp, opvoering en spontane gebeure, estetiese oordeel en subjektiewe ervaring, te versoen.

Alhoewel die surrealistiese opstand 'n mislukking was, antisipeer die optrede van die avantgarde in belangrike opsigte die wending wat die estetiese diskoers gedurende die afgelope twee, drie dekades ondergaan het. Die gees van estetiese moderniteit, hetsy in sy klassieke, hetsy in sy nuwe, avantgardistiese gestalte, het begin om te verouder. Modernisme is oral, maar dood. Teen die einde van die sestigerjare merk Octavio Paz op dat 'die avantgarde van 1967 die handelinge en gebare van dié van 1917 herhaal. Ons ervaar', so oordeel hy, 'die einde van die idee van die moderne kuns' (1974:148-164). Dit is onteenseglik so dat daar oor die laaste twintig jaar of wat 'n verandering ingetree het in die estetiese sensitiwiteite van daardie kultuurstrata wat by uitstek die draers van die klassieke modernisme was. So kom die weerstand teen die oorheersing van die abstrakte ekspressionisme (van bv. die New York-skool) in 'n herwaardering van die figuratiewe skilderye van die 1920's tot uitdrukking en vind ons, in teenstelling met die klassieke literêre modernisme (Brecht, Kafka, Joyce), 'n terugkeer na die tradisionele, verhalende roman; die 'International Style'-argitektuur (Mies van der Rohe, Le Corbusier) word met 'n positiewe instelling

teenoor die boustyl van die fin de siécle gekonfronteer en die seriële musiek (Schönberg, Stravinski) loop onder 'n nuwe aanslag van tonaliteit deur. Wat in al hierdie gevalle merkbaar is, is 'n versagting van die rigiede teenstelling tussen hoë en massakultuur. Postmodernisme, as estetiese kategorie, moet dan ook ten nouste geassosieer word met pogings tot 'n herintegrasie van die kuns in die lewenswêreld d.m.v. 'n opwaardering van massakultuur (Huyssen, 1984:26).

In die postmodernisme word die program van die avantgarde as'tware omgekeer. Lg. wou die wêreld na die beeld van die kuns verander. Die versoening van kultuur en materiële lewe kan eers plaasvind nadat lg. deur die opposisionele magte van die kuns getransformeer is. Postmodernistiese kuns, daarenteen, laat vaar in 'n toenemende mate die opposisionele houding van die avantgarde vis &ga. vis die sosiale en politieke status quo. 'n Nuwe versoening van kuns en werklikheid word geproklameer - nie deur die werklikheid na die beeld van die kuns te verander nie, maar deur die kuns in die wêreld tuis te maak (Wolin, 1984:18). Die meeste vorms van postmodernistiese kuns - vanaf die neo-dadaïstiese beelde van Rauschenberg, die poëtiese 'word salads' van die 'beat'-generasie en die narratiewe romans van William Burroughs en Donald Barthelme tot by die nuwe realisme in die skilderkuns van Julian Schnabel, die nuwe joernalistiek van Tom Wolfe, die kombinasie van klassieke en popmusiek by Philip Glass en die arbitrêre vermenging van style in die argitektuur van Michael Graves en Philip Johnson - word deur oneindige reproduseerbaarheid, kommersialisme, en die kultus van estetiese onmiddellikheid gekenmerk. Dit verraai 'n mentaliteit wat nie langer deur kritiek, oorskryding en ondermyning bepaal word nie, maar wat steeds meer die karakter van 'n kultuur van blote reaksie en willekeurige eklektisisme aanneem en daardeur die reële gevaar loop om in estetiese regressie, kulturele affirmasie en politieke berusting te verval. Die postmodernistiese afskeid van die estetiese Moderne maak daarop aanspraak dat die gaping tussen hoë kuns en die alledaagse lewe oorbrug en dat 'n kulturele demokrasie inderdaad gerealiseer is. Die pseudo-populistiese etos wat die kuns van vandag adem, verraai eerder 'n versoening met die wêreld van kapitalistiese konsumpsie, d.w.s. dit wys, i.p.v. op versoening, eerder op 'n valse opheffing van outonome kuns.

3.3 Die sosiologiese diskoers oor modernisering

Die sosiologiese diskoers oor die Moderne (Luhmann, 1970; Touraine, 1969; Münch, 1984; Berger, 1979; Inkeles, 1974, 1985) word veral rondom die begrip 'modernisering' gevoer (Wehler, 1975; Zaph, 1975; Walzer, 1964; Huntington, 1970) en gaan terug op die werk van Max Weber. Weber spreek die probleem van moderniteit aan in terme van die universeel-historiese vraag waarom wetenskaplike, morele en artistieke, sowel as politieke en ekonomiese ontwikkeling, alleen in die Weste die vorm van 'n skynbaar mondiale rasionaliseringsproses aanneem. Daardeur stel hy die verhouding tussen moderniteit en rasionaliteit direk aan die orde.

In sy tematisering van die probleem gaan Weber heel vanselfsprekend uit van die inherente verband tussen die moderne wêreld en dit wat hy die 'Westerse rasionalisme' noem. As 'rasioneel' beskrywe hy in dié verband sowel die sekularisasie van die Westerse kultuur as die ontwikkeling van die moderne maatskappy (1973, 1978). Eg. dui op 'n proses van kulturele rasionalisering, verstaan as 'n proses van 'onttowering', waarin die disintegrasie van die religieus-metafisiese wêreldbeeld aanleiding gee tot 'n profane, selflegitimerende kultuur in die vorm van die empiriese wetenskap, prinsipieël-gefundeerde etiese en regsteorieë en 'n outonome kuns. Onder die gesigspunt van sosiale rasionalisering, ook as modernisering aangedui, beskryf Weber die strukture van die moderne maatskappy met verwysing na die uitdifferensiëring van twee funksionele sisteme wat rondom die organisatoriese nukleusse van die kapitalistiese markstelsel en die burokratiese staatsapparaat vorm aangeneem het. Hy verstaan hierdie proses as die institusionalisering van doel-rasionele ekonomiese en administratiewe handeling. In die mate wat die alledaagse lewe deur die prossesse van kulturele en sosiale rasionelisering beïnvloed word, aldus Weber, word tradisionele vorms van lewe ontbind en probleme van betekenis- en vryheidsverlies ondervind. Sy pessimistiese tese omtrent die totalitêre uitbreiding van die moderne, 'instrumentele' rede - 'n diagnose wat 'n deurslaggewende rol in die Marx-resepsie van die Frankfurther Schule gespeel het (Habermas, 1981b, 1:461-488) - berus egter op 'n miskenning van die feit dat die modernisering van die lewenswêreld nie net deur strukture van doelrasionaliteit bepaal word nie. In teenstelling met die funksionele rasionalisering van die ekonomies-administratiewe kompleks van die maatskaplike sisteem, is daar, so toon

Emil Durkheim en G.H. Mead reeds aan, ook sprake van 'n rasionalisering van die kommunikatiewe strukture van die alledaagse lewenswêreld wat op kulturele reproduksie, sosiale integrasie en sosialisering gerig is (Habermas, 1981b, 2:7-169).

Weber se tema word vandag in 'n ander lig gestel. Die woord 'modernisering' wat in die vyftigerjare as 'n tegniese term in die sosiologiese vaktaal ingevoer is, karakteriseer 'n teoretiese benaderingswyse wat sy oorspronklike vraagstelling met die metodiese middele van die sosiaal-wetenskaplike funksionalisme aanpak. Die funksionalistiese moderniseringsteorie abstraheer van Weber se gedifferensieerde begrip van die Moderne. Die moderniseringsbegrip word van sy historiese oorsprong in die Europese kultuur losgemaak en tot 'n tyd-ruimtelik neutrale model vir sosiale ontwikkelingsprosesse gestileer. As sodanig het dit nie langer betrekking op prosesse van rasionalisering nie, maar op kumulatiewe prosesse soos kapitaalgroei en bronnemobilisering, op die ontwikkeling van produksiekragte en die verhoging van arbeidsproduktiwiteit, die vestiging van gesentraliseerde politieke mag en die vorming van nasionale entiteite, die proliferasie van stedelike lewensvorme en die uitbreiding van politieke regte, ens. In terme van die funksionalistiese metode wat veral in die sisteemteorie gang maak (Luhmann, 1980/1981), word modernisering as strukturele differensiëring gekonsipieer en die ontstaan van die Europese Moderne met die uitdifferensiëring van funksionele deelsisteme in verband gebring (Münch, 1984; Hahn, 1984).

Dit is klaarblyklik dat die funksionalisties verskraalde moderniteitsbegrip van vandag nie langer verband hou met die hoogsgelade kulturele en sosiale prosesse wat by Weber en ander klassici van die sosiale teorie 'n innerlike samehang tussen moderniteit en rasionaliteit veronderstel het nie. Dit is die probleem-historiese agtergrond waarteen die uitdrukking van die 'postmoderne' ook in sosiaal-wetenskaplike geledere in omloop gekom het. Simptomaties in dié verband is Arnold Gehlen se neokonserwatiewe afskeid van die Moderne. Gehlen het vir dié konseptuele strategie die formule geskep: 'Die premisse van die Verligting is dood; alleen hul konsekwensies leef voort'. Hier word 'n duidelike teenstelling tussen die kulturele en sosiale Moderne gemaak. Die bedoeling is om die moderniseringsproses wat die funksionele wette

van ekonomie, staat en tegniek voltrek, te ontkoppel van die impulse van die moderne kultuur wat, so word geoordeel, sy innerlike potensiaal verwerklik en daarmee aan sy einde gekom het. Die sosiologiese vorm van die postmodernistiese afskeid van die Moderne het m.a.w. nie betrekking op die onbeteuelde dinamiek van 'n funksionalisties geïnterpreteerde en origens onkrities bejeënde maatskaplike modernisering nie. Dit tref alleen die modernistiese kultuur wat in sy aanspraak op kritiese rasionaliteit, universele normatiwiteit en outentieke selfekspressie geagterhaal verklaar word en enige verdere normatiewe rol t.o.v. die hede ontsê word. Dit is op die basis van só 'n selektiewe verwerping van die kulturele vooronderstellinge van die moderne wêreld dat Gehlen kan verklaar dat ons, 'ideehistories' gesproke 'in **posthistoire** aangeland het' (1963:323).

Gehlen se instemming met die sosiale ten koste van 'n gedevalueerde kulturele Moderne, herformuleer 'n konserwatiewe argumentasiewyse wat teruggaan na die Regs-Hegelianisme van die middel van die 19de eeu (Rosenkranz, Hinrichs, Oppenheim) (Lübbe, 1962:7-17, 1963:27-84) en in sy 20ste-eeuse vorm, via invloedryke denkers soos Hans Freyer (1955) en Joachim Ritter (1965, 1969), tot by die neokonserwatiewe kultuurkritiek van persone soos Herrmann Lübbe (1980, 1986) en Daniel Bell (1973, 1975) strek (Habermas, 1985a:86-93). Lg. kritici trek uit hierdie sosiaal-konserwatiewe diskoers die konsekwensie dat alle 'afwykende' sosiale verskynsels aan die destabiliserende invloed van 'n Verligtingsgeïnspireerde kultuur toegeskryf moet word. Die krisis van die moderne Westerse samelewing word teruggevoer na die besmetting van die maatskappy deur die hedonistiese motiewe van onbegrensde selfverwerkliking, outentieke selfervaring en 'n hipergestimuleerde sensitiwiteit, wat, so word aangevoer, nie met die morele basis van 'n gedissiplineerde professionele lewenswyse te versoen is nie.

Die neokonserwatiewe deurbreking van die band tussen moderniteit en rasionaliteit verdoesel die verwikkelde verhouding tussen kapitalistiese modernisering en kulturele ontwikkeling. Enersyds word aan die konstruktiewe en kritiese gesigspunte van 'n morele universalisme, asook aan die kreatiewe en opposisionele kragte van die avantgarde-kuns, alle bestaansreg ontsê. Andersyds word die ekonomiese en sosiale oorsake van simptomatiese verskynsels soos hedonisme, narcisme, anomie,

betekenisverlies en die morele en gesagskrisis nie ontbloot nie. In plaas van om na te gaan of die neopopulistiese protes van sosiale bewegings soos die vroue-ekologiese en vredesbeweging nie dalk deur 'n diepgewortelde weerstand teen die proses van kapitalistiese mosernisering opgeroep word nie (Habermas, 1981b, 2:575-583), projekteer die neokonserwatiewe kultuurkritiek die oorsake van maatskaplike probleme op die vlak van 'n ondermynende kultuur. Met oorsaak en gevolg netjies omgekeer, kan die modernistiese kultuur in dieselfde asem veroordeel word as wat die bestaande ekonomiese en politieke orde gekondoneer en 'n nuwe, bevestigende kultuur, gevisualiseer in die terugkeer na die waarhede van die tradisie, die godsdiens en substantiewe morele deugdes (Steinfels, 1979; Dubiel, 1985; Green, 1987), gepropageer word. Hierdie verbinding van 'n tegnokratiese interpretasie van die moderne maatskappy met 'n funksionele herwaardering van die tradisionele, pre-Moderne kultuur, is die konsekwensie van 'n kultuurkritiek 'na die Verligting' wat die afskeid van die moderne wêreld op die tweeslagtige grondslag van 'n geaksepteerde sosiale en 'n afgekeurde kulturele ontwikkelingsproses voltrek.

## 4. POSTMODERNITEIT - AFSKEID OF OPSTAND?

In die voorafgaande gedeelte is die verskillende diskoerse nagegaan waarin die postmoderne teorema prominent figureer. In al drie gevalle het die gesprek om die vraag gewentel of die projek van die Moderne voltooi moet word en of die konsepte van 'n verligte rasionaliteit en van historiese rasionalisering as 'n humanistiese illusie ter syde gestel moet word. Postmodernisme, so het geblyk, is die keuse vir die tweede alternatief. Dit berus op die aanspraak om die tradisie van die rede waarbinne die selfbegrip van die Europese moderniteit gevorm is, as 'n oorwonne kulturele epog agter te gelaat het. Dit is hierdie aanspraak op 'n afskied van die moderne wêreld wat ek ten slotte wil ondersoek. Hoe moet ons oor die postmodernisme oordeel? Is dit 'n profetiese tydsdiagnose in die kultuurkritiese tradisie van 'n Rousseau en 'n Nietzsche, 'n illusielose mag van radikale demistifikasie, of 'n simptoom van verval en impotensie, 'n afbrekende poging van die kant van ontnugterde gewese Marxiste om die dissipline en kontrole van 'n rasioneel-geleide beskawingsproses te saboteer? Wat word met 'n 'afskeid van die Moderne' geïmpliseer? Het ons te make met 'n destruksie of 'n

transformasie van die tradisie? Is postmoderniteit alleen op 'n anti-modernistiese grondslag moontlik of kan dit ook as 'n kritiese voortsetting van die Moderne, as 'n selfverligting van die Verligting, verstaan word?

Die premis wat die moderniteitsdebat op gang bring, so kan beweer word, berus op 'n bepaalde vooronderstelling omtrent die bestaande sosiale orde, nl. dat die toekenning van enige legitimiteit aan 'n postmoderne kultuur neerkom op die erkenning van 'n historiese breuk met die kulturele horison waarbinne die moderne wêreld ontstaan het (Jameson, 1984b:53). Die kwessie van die diskontinuïteit al dan nie met die Moderne, vestig die aandag op 'n konvensionele interpretasiepatroon wat in die debat oor postmodernisme ingeburger geraak het. Dit het gebruiklik geword om postmodernisme òf met een of ander vorm van voortsetting van die moderne projek te assosieer òf dit as 'n min of meer radikale breuk met die kulturele verlede op te vat. Die strategie wat in die eg. geval gevolg word, is om die werke en tekste wat as 'postmodernisties' bestempel word, in die klassieke modernisme te herassimileer deur dit met die spesifieke vorm wat die Moderne in die hede aanneem, te identifiseer. Die postmodernisme is die verskerping van die modernistiese impuls tot vernuwing en verteenwoordig as sodanig 'n meer radikale, maar nie 'n presedentlose nie, krisistoestand in die trajek van die Moderne (Raulet, 1983, 1984:168; Bürger, 1984:127-130). Aan die ander kant is daar diegene wat die postmodernisme nie as 'n blote voortsetting van 'n dialekties verruimde modernisme of as die jongste fase in die nimmereindigende opstand van die Moderne teen homself wil verstaan nie. Inteendeel, gegee die kritiek op die bourgeois-vooronderstellinge van die klassieke modernisme, t.w. die teleologiese visie van kulturele vooruitgang en sosiale modernisering, behels postmodernisme veeleerder 'n algemene kulturele transformasie wat nie bloot op 'n nuwe krisis in die trajek van die modernisme dui nie, maar op 'n krisis van die Moderne, en van sy 'logika' van representasie en mag, as sodanig (Foster, 1984; Huyssen, 1984:47-49).

Ek meen dat die uitsluitende alternatiewe van kontinuïteit vs. diskontinuïteit op 'n oorvereenvoudiging berus wat die verhouding tussen postmoderniteit en moderniteit verwring. Die tese wat ek wil voorstel, is dat daar sprake is van diskontinuïteit in die kontinuïteit van die Moderne projek. Postmodernisme, so wil ek beweer, veronderstel 'n

breuk met die moderne wêreld waarvan dit egter afhanklik bly. Ek wil my standpunt kortliks toelig.

Aan die een kant proklameer die postmodernisme die dood van die Moderne en die einde van die Verligtingstradisie. Dit het uit ons oorsig van die verskillende kritiese diskoerse duidelik geword dat 'postmodernisme' nie 'n eenduidige begrip is nie. Trouens, die hele konsep word, histories gesproke, deur 'n fundamentele ambiguïteit gekenmerk. As 'n kulturele beweging, beweeg postmodernisme, breedweg gesien, binne een van twee paradigmas. Hierdie twee variante van postmodernisme kan ons, saam met Foster (1984:67v., 1985:xii), onderskeidelik **postmodernisme van reaksie** en **postmodernisme van verset** noem. Eg. word gekenmerk deur die verbinding van 'n **anti-modernistiese kultuurteorie** met 'n **neokonserwatiewe politiek**; lg. deur die verbinding van 'n **poststrukturalistiese kritiese teorie** met 'n radikale **politiek**. Die aanspraak om finaal afstand te gedoen het van die konseptuele horison waarbinne ons moderne self- en wêreldverstaan oorspronklik gevorm is, geld egter vir beide. Die neokonserwatiewe postmodernisme deurbreek die interne samehang tussen moderniteit en rasionaliteit en bewerkstellig so 'n **selektiewe** afskeid van die Moderne. Die afskeid het nie betrekking op die moderne maatskappy nie, maar alleen op die kulturele selfbegrip van die moderne wêreld. Die poststrukturalisties-geïnspireerde postmodernisme, daarenteen, **handhaaf** die verbinding tussen moderniteit en rasionaliteit en bewerkstellig so 'n **totalistiese** afskeid van die Moderne. Die afskeid tref die moderne wêreld in sy geheel en is in dieselfde mate vir beide kultuur én maatskappy bedoel. Vanuit die gesigspunt van die identifikasie van die rede met die wil tot mag, kan ook die proses van maatskaplike modernisering nie die aangekondigde einde van die kulturele Moderne oorleef nie. Die selektiewe en totalistiese vorms van die postmodernistiese afskeid van die moderne wêreld is twee variasies op een en dieselfde tema van die radikale verwerping van die Westerse tradisie van die kritiese rede (Habermas, 1985a:11-13).

Aan die ander kant is dit onberade om die aansprake van die postmodernisme op sigwaarde te aanvaar. Dit is moeilik om die suspisie te onderdruk dat die postmoderne denke alleen retories vir homself 'n status buite die moderne paradigma opeis, terwyl dit implisiet en in feite gebonde bly aan die vooronderstellinge van die Moderne en sy

subjektiwiteitsbeginsel. Hierdie vermoede word verstrek wanneer dit blyk dat beide vorms van postmodernisme immanent-krities met hulself in teëspraak gebring kan word. I.p.v. om dit aan die onoortuigende kritiek van kulturele restourasie te onderwerp, kan die neokonserwatiewe postmodernisme filosofies aangevat word deur aan te toon dat die anti-modernisme wat dit verkondig, sy eie konserwatiewe selfbegrip wat immers op tradisie en historiese kontinuïteit gerig is, weerspreek. Dit is ook nie nodig om die poststrukturalisme van kulturele anargie te beskuldig nie; vanweë sy totalistiese redekritiek raak dit voortdurend in performatiewe selfkontradikasies verstrik, d.w.s. word dit in sy redekritiek gedwing om van die kritiese rede en sy verworwenhede (bv. die resultate van 'grenswetenskappe' soos die linguistiek, etnologie en psigoanalise) gebruik te maak. Kortom, dit blyk nie moontlik te wees om die postmodernistiese standpunt konsekwent deur te voer nie. Hierdie wesenlike aporie van die postmoderne denke sou daarop kon dui dat die selfverklaarde afskeid van die Moderne heimlik binne die raamwerk van die moderne tradisie van die rede en van die rasionele subjek plaasvind. Indien dit waar is, beteken dit dat die postmodernisme sy anti-moderniteit, sy medepligtigheid aan die kontra-Verligting, alleen maar retories in die gewaad van postmoderniteit tooi. I.p.v. 'n postmoderne teorie verteenwoordig dit in só 'n geval eerder 'n retrospektiewe lesing van die beweerde verval van die Moderne; d.w.s. onderneem dit in die naam van die afskeid van die moderne wêreld bloot weer 'n opstand daarteen.

Oor die aktualiteit van die problematiek wat deur die postmodernisme aan die orde gestel is, kan daar geen twyfel bestaan nie. Dit is onteenseglik so dat dit in sy redekritiek die Achilles-hiel van die Moderne projek ontbloot het, t.w.die prinsiep van die subjek-gesentreerde rede en die egoïstiese en imperialistiese konsekwensies wat uit die aanvaarding van die idees van 'n outonome, rasionele subjek en 'n rasioneel-gewaarborgde vooruitgang in die geskiedenis voortvloei. 'n Relativering van die draagwydte van die rede, 'n inperking van die rol van die subjek en 'n ontkragtiging van die vooruitgangsgeloof is inderdaad noodsaaklik. Indien postmodernisme sou beteken dat van hierdie oorspanne en aanmatigende begrippe afgestap en post-rasionalistiese, post-individualistiese en post-humanistiese opvattings van die rede, die subjek en die geskiedenis ontwikkel word, dan sou dit m.i. 'n

aanbevelenswaardige navorsingsprogram behels. Postmodernisme gaan in feite egter veel verder. Dit giet die kritiek van die moderne rede in die ongedifferensieerde vorm van 'n totale verwerping van die Verligtingstradisie. Daardeur word die kind saam met die spreekwoordelike badwater uitgegooi: die begrippe van die rede, subjek en geskiedenis word met hul fundamentalistiese, humanistiese en progressiwistiese formuleringe in die Verligtingstradisie vereenselwig, met die gevolg dat dié sleutelbegrippe sélf op die intellektuele rommelwerf beland. Die gevolg is - onvermydelik - 'n irrasionalisme, anti-humanisme en historisme, resp. relativisme wat sy eie genealogie nie kan verduidelik nie en sy eie aansprake nie kan regverdig nie. Binne só 'n teoretiese opset word dit by voorbaat onmoontlik gemaak om te vra of daar maniere is waarop die rede gedesublimeer, die subjek gedesentreer en die geskiedenis gedetotaliseer kan word sonder om sterk konsepte van die rede, die subjek en die geskiedenis te moet prysgee. Anders gestel: die moontlikheid dat moderniteitskritiek op 'n ander basis as op 'n anti-modernistiese grondslag deurgevoer kan word, word nie geopper nie, laat staan nog ondersoek.

Dit is egter juis hierdie interpretasierigting wat ek meen in die moderniteitsdebat gevolg moet word. Ongenuanseerde uitsprake oor die moderne wêreld in terme van 'onheils-' of 'vervalsgeskiedenis', 'universele verblinding' of 'planetêre verduistering' is nie verhelderend nie. Afgesien daarvan dat dit geen interessante filosofiese probleemstelling formuleer en geen stimulus vir empiriese navorsing bied nie, berus dit op 'n growwe onderskatting van die positiewe verworwenhede van die Verligting. Wat nodig is, is nie 'n totale kritiek van die rede nie, maar die formulering van 'n verruimde opvatting van die rede; nie 'n summiere verwerping van die projek van die Moderne nie, maar die uitspel van 'n meer gedifferensieerde konsep van moderniteit en die moderne rasionaliseringsprosesse; kortom, wat vereis word, is nie 'n afskeid van die moderne wêreld nie, maar 'n kritiese voortsetting van die moderne tradisie van rasionele redekritiek, van die selfverligting van die Verligting.

BIBLIOGRAFIE

ALTER, R. 1975. The Self-Conscious Moment : Reflections on the Aftermath of Postmodernism. **Triquarterly**, 33:209-230.

ANGEHRN, E. 1986. Krise der Vernunft? Neuere Beiträge zur Diagnose und Kritik der Moderne. **Philosophische Rondschau**, 33:161-209.

ARAC, J. (ed.) 1986. **Postmodernism and Politics**. Minneapolis : University of Minnesota.

ARAC, J., GODZICH, W., MARTIN, W. (eds.) 1983. **The Yale Critics : Deconstruction in America**. Minneapolis : University of Minnesota.

BAUDRILLARD, J., u.a. 1983. **Der Tod der Moderne. Eine Diskussion.** Tübingen: Konkurs.

BAUMGARTNER, H.M. 1972. Kontinuität als Paradigma historischer Konstruktion. **Philosophisches Jahrbuch**, 79:254-268.

BAYNES, K., BOHMAN, J., MCCARTHY, T. (eds.) 1987. **After Philosophy - End or Transformation?** Cambridge : M.I.T.

BELL, D. 1973. **The Coming of Post-Industrial Society**. New York : Basic Books.

BELL, D. 1975. **Cultural Contradictions of Capitalism**. New York : Basic Books.

BERGER, P.L. 1979. **Facing Up to Modernity**. Harmondsworth : Penquin Books.

BERMAN, M. 1982. **All That Is Solid Melts Into Air. The Experience of Modernity**. New York : Simon and Schuster.

BERNSTEIN, R.J. (ed.) 1985. **Habermas and Modernity**. Cambridge : Polity.

BöHME, H., BöHME, G. 1983. **Das Andere der Vernunft. Zur Entwicklung von Rationalitätsstrukturen am Beispiel Kants.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

BORMS, E. 1986. **Humanisme-kritiek in het hedendaagse Franse denken.** Nijmegen : SUN.

BOURDIEU, P., PASSERON, J.C. 1983. Sociology and Philosophy in France since 1945: Death and Resurrection of a Philosophy without the Subject. **Social Research**, 34:162-212.

BOUVERESSE, J. 1984. **Rationalité et cynisme.** Paris : Minuit.

BüRGER, P. 1974. **Theorie der Avantgarde.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

BüRGER, P. 1984. The Decline of the Modern Age. **Telos**, 62:117-130.

BURMS, A., DE DIJN, H. 1986. **De rationaliteit en haar grenzen. Kritiek en deconstructie.** Assen : Van Gorcum.

CALINESCU, M. 1977. **Faces of Modernity : Avant-Garde, Decadence, Kitsch.** Bloomington/London : Indiana University.

COHEN, J. (ed.) 1985. Social Movements. **Social Research**, 51.

CULLER, J. 1983. **On Deconstruction.** London : Routlegde and Kegan Paul.

DALLMAYR, F.R. 1981. **Twilight of Subjectivity. Contributions to a Post-Individualist Theory of Politics.** Amherst : University of Massachusetts.

DERRIDA, J. 1967a. **De la grammatologie.** Paris : Minuit.

DERRIDA, J. 1967b. **L'Ecriture et la difference.** Paris : Seuil.

DESCOMBES, V. 1980. **Modern French Philosophy.** Cambridge : Cambridge University.

DUBIEL, H. 1985. **Die Buchstabierung des Fortschritts.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

FEKETE, J. (ed.) 1984. **The Structural Allegory : Reconstructive Encounters with the New French Thought.** Minneapolis : University of Minnesota.

FOSTER, H. 1984. (Post)Modern Polemics. **New German Critique,** 33:67-78

FOSTER, H. (ed.) 1985. **Postmodern Culture.** London : Pluto.

FOUCAULT, M. 1966. **Les mots et les choses.** Paris : Gallimard.

FOUCAULT, M. 1969. **L'Archéologie du savoir.** Parris : Gallimard.

FOUCAULT, M. 1975. **Surveiller et punir.** Paris : Gallimard.

FOUCAULT, M. 1984. **Language, Counter-Memory, Practice.** Ithaca : Cornell University.

FRANK, M. 1984. **Was heisst Neostrukturalismus?** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

FREYER, H. 1955. **Theorie des gegenwärtigen Zeitalters.** Stuttgart : Kohlhammer.

GAMM, G. 1986. **Wahrheit als Differenz. Umrisse einer anderen Theorie der Moderne.** Meisenheim am Glan : Hain.

GEHLEN, A. 1963. **Studien zur Anthropologie und Soziologie.** Neuwied : Luchterhand.

GRAFF, G. 1973. The Myth of the Postmodernist Breakthrough. **Triquarterly,** 26:383-417.

GREEN, D. 1987. **The New Right : The Counter Revolution in Political, Economic and Social Thought.** Brighton : Harvester.

HABERMAS, J. 1971. **Theorie und Praxis.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

HABERMAS, J. 1973. **Kultur und Kritik.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

HABERMAS, J. 1981a. Die Moderne - ein unvollendetes Projekt, in **Kleine politische Schriften I - IV.** Frankfurt a.M. ; Suhrkamp, 444-464.

HABERMAS, J. 1981b. **Theorie des kommunikativen Handelns.** 2 Bde. Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

HABERMAS, J. 1985a. **Der philosophische Diskurs der Moderne.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

HABERMAS, J. 1985b. Neokonservative Kulturkritik in den USA und in den Bundesrepublik, in **Die Neue Unübersichtlichkeit. Politische Schriften V.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

HAHN, A. 1984. Theorien zur Entstehung der europäischen Moderne. **Philosophische Rundschau,** 31:178-202.

HASSAN, I. 1982. Postface 1982 : Toward a Concept of Postmodernism, in **The Dismemberment of Orpheus : Toward a Postmodern Literature.** Madison : University of Wisconsin, 259-271.

HEGEL, G.W.F. 1949v. **Sämtliche Werke.** Jubiläumsausgabe, hrsg. v. H. Glockner. Stuttgart : Frommann.

HOLTHUSEN, H.E. 1984. Heimweh nach Geschichte. Postmodern und Posthistoire in der Literatur der Gegenwart. **Merkur,** 38:902-917.

HONNETH, A. 1985. **Kritik der Macht. Reflexionsstufen einer kritischen Gesellschaftstheorie.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

HOWE, I. 1959. Mass Society and Postmodern Fiction. **Partisan Review**, 26:420-436.

HUNTINGTON, S. 1970. The Change to Change: Modernization, Development and Politics. Comparative Politics, 3:286-322.

HUYSSEN, A. 1981. The Search for Tradition : Avant-Garde and Postmodernism in the 1970's. New German Critique, 22:23-40.

HUYSSEN, A. 1984. Mapping the Postmodern. **New German Critique**, 33:5-52.

INKELES, A. 1985. **Exploring Individual Modernity** New York : Columbia University.

INKELES, A., SMITH, D. 1974. Becoming Modern : **Individual Change in Six Developing Countries.** Cambridge : Harvard University.

JAMESON, F. 1984a. Postmodernism, Or, The Cultural Logic of Late Capitalism. **New Left Review**, 146:53-92.

JAMESON, F. 1984b. The Politics of Theory : Ideological Positions in the Postmodernism Debate. **New German Critique**, 33:53-65.

JAUSS, H.R. 1970. Literarische Tradition and gegenwärtiges Bewusstsein der Modernität, in **Literaturgeschichte als Provokation.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp, 11-66.

JAUSS, H.R. 1983. Der literarische Prozess des Modernismus von Rousseau bis Adorno, in L.v. Friedeburg, J. Habermas (Hg.) : Adorno-Konferenz 1983. Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

JAY, M. 1984. **Marxism and Totality. The Adventures of a Concept from Lukacs to Havermas.** Cambridge : Polity.

JENCKS, C.A. 1973. **Modern Movements in Architecture.** New York : Anchor Books.

JENCKS, C.A. 1978. **The Language of Post-Modern Architecture.** London : Academy.

KIRSTEN, J.M. 1978. **Geskiedenis en emansipasie. Die geskiedenisfilosofiese ontginning van die emansipasiemotief in die Verligtingsmodelle van Kant, Hegel en Marx.** 2 Bde. Johannesburg : Ongepubliseerde proefskrif, RAU.

KIRSTEN, J.M. 1982. Neomarxisme - Kultuurkritiek tussen die mislukking van die revolusie in die Ooste en die versuim van die revolusie in die Weste. Koers, 47:149-165.

KöHLER, M. 1977. Postmodernismus. **Amerikastudien**, 22:9-46.

KOSELLECK, R. 1967. Historia Magistra Vitae. Über die Auflösung des Topos im Horizont neuzeitlich bewegter Geschichte, in H. Braun, M. Riedel (Hg.) **Natur und Geschichte.** Stuttgart : Kohlhammer, 196-219.

KOSELLECK, R. 1979. **Vergangene Zukunft.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

KRISTEVA, S. 1980. Postmodernism? **Bucknell Review**, 25:136-141.

LANDMANN, M. 1966. Der Mensch als Herr und Opfer der Geschichte, in F. Kaulback, J. Ritter (Hg.) **Kritik und Metaphysik.** Berlin : De Gruyter, 244-259.

LAWSON, H. 1985. **Reflexivity. The Postmodern Predicament.** La Salle : Open Court.

LENTRICCHIA, F. 1980. **After the New Criticism.** Chicago : University of Chicago.

LEVIN, H. 1966. What was Modernism? in **Refractions.** New York : Oxford University, 271-295.

LOVE, N.S. 1986. Marx, Nietzsche and Modernity. New York : Columbia University.

LüBBE, H. (Hg.) 1962. Die Hegelsche Rechte. Texte. Sutttgart : Frommann.

LüBBE, H. 1963. Politische Philosophie in Deutschland. Studien zur ihrer Geschichte. Basel : Schwabe.

LüBBE, H. 1980. **Philosophie nach der Aufklärung.** Düsseldorf : Econ.

LüBBE, H. 1986. **Religion nach der Aufklärung.** Graz : Styria.

LUHMANN, N. 1970. **Soziologische Aufklärung.** Köln-Opladen : Westdeutscher Verlag.

LUHMANN, N. 1980/81. **Gesellschaftsstruktur und Semantik.** 2 Bde. Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

LUNN, E. 1982. **Marxism and Modernity : An Historical Study of Lukacs, Brecht, Benjamin and Adorno.** Berkeley : University of California.

LYOTARD, J.F. 1979. **La Condition postmoderne: rapport sur le savoir.** Paris : Minuit.

LYOTARD, J.F. 1982. Réponse à la question: qu'est-ce que le postmoderne? Critique, 37.

MACINTYRE, A. 1981. **After Virtue. A Study in Moral Theory.** Notre Dame : University of Notre Dame.

MADIGAN, P. 1986. **The Modern project to Rigor : Descartes to Nietzsche.** Lanham : University Press of America.

MARQUARD, O. 1981. **Abschied vom Prinzipiellen.** Stuttgart : Reclam.

MARTINI, F. 1965. Modern, die Moderne, in Reallexicon der deutschen **Literaturgeschichte,** Bd. 2, 391-415.

MARX, K. 1971. Die Frühschriften, hrsg. v.S. Landschut. Stuttgart : Kröner.

MEGILL, A. 1985. **Prophets of Extremity. Nietzche, Heidegger, Foucault, Derrida.** Berkeley : University of California.

MELLVILLE, S.M. 1986. **Philosophy Beside Itself : On Deconstruction and Modernism.** Minneapolis : University of Minnesota.

MüLLER-SCHWEFE, H.R. 1971. **Technik und Glaube. Eine permanente Herausforderung.** Göttingen : Vandenhoeck u. Ruprecht.

MüNCH, R. 1984. **Die Struktur der Moderne. Grundmuster und differentielle Gestaltung des institutionellen Aufbaus der modernen Gesellschaften.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

NORRIS, C. 1982. **Deconstruction. Theory and Practice.** London : Methuen.

OELMüLLER, W. 1969. **Die unbefriedigte Aufklärung. Beiträge zu einer Theorie der Moderne von Lessing, Kant und Hegel.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

PAZ, O. 1974. **Children of the Mire.** Cambridge : Harvard University.

PIEPMEIER, R. 1984. Modern, die Moderne, in **Historisches Wörterbuch der Philosophie,** Bd. 6, 54-62.

PORTOGHESI, P. 1982. **After Modern Architecture.** New York : Rizzoli.

POSTER, M. 1984. **Foucault, Marxism and History. Mode of Production versus Mode of Information.** Oxford : Blackwell.

RAJCHMAN, J., WEST, C. (eds.) 1985. **Post-Analytic Philosophy.** New York : Columbia University.

RAULET, G. 1983. Zur Dialektik der Postmoderne. **Spuren,** 3:33-65.

RAULET, G. 1984. From Modernity as One-Way Street to Postmodernity as Dead End. **New German Critique**, 33:155-177.

REDNER, H. 1986. **The Ends of Philosophy. An Essay in the Sociology of Philosophy and Rationality.** Beckenham : Groom Helm.

RITTER, J. 1965. **Hegel und die französische Revolution.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

RITTER, J. 1969. **Metaphysik und Politik. Studien zu Aristoteles und Hegel.** Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

RORTY, R. 1980. **Philosophy and the Mirror of Nature.** Oxford : Blackwell.

RORTY, R. 1982. **Consequences of Pragmatism.** Brighton : Harvester.

ROSSOUW, H.W. 1972. Die Mens in die Moderne 'Wêreld', in **Die Mens in die Moderne Wêreld.** Kaapstad : Tafelberg, 17-31.

SCHMIDT, B. 1986. **Postmoderne - Strategien des Vergessens. Ein kritischer Bericht.** Neuwied : Luchterhand.

SCHüRMANN, R. 1979. Anti-Humanism. Reflections on the Turn Towards the Post-Modern Epoch. **Man and World, 12:160-177.**

SLOTERDIJK, P. 1983. **Kritik der zynischen Vernunft.** 2 Bde. Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

SOPER, K. 1986. **Humanism and Anti-Humanism.** London : Hutchinson.

STEINFELS, H. 1979. **The Neocenservatives.** New York.

TAFURI, M. 1976. **Architecture and Utopia.** Cambridge : M.I.T.

THURLEY, G. 1983. **Counter-Modernism in Current Critical Theory.** London : Macmillan.

TOURAINE, A. 1969. La Societe post-industrielle. Paris : Seuil.

VENTURI, R. 1966. Complexity and Contradiction in Architecture. New York : Museum of Modern Art.

VENTURI, R. 1972. Learning from Las Vegas. Cambridge : M.I.T.

WALZER, M. 1964. The Only Revolution : Notes on the Theory of Modernization. Dissent, 11:132-140.

WEBER, M. 1973. Die protestautische Ethik, Bd. I. Hamburg : Meiner.

WEBER, M. 1978. Die Wirtschaftsethik der Weltreligionen, Einleitung, in Gesammelte Aufsätze zur Religionssoziologie, Bd. I. Tübingen : Mohr.

WEHLER, H.U. 1975. Modernisierungstheorie und Geschichte. Göttingen : Vandenhoeck u. Ruprecht.

WELLMER, A. 1985. Zur Dialektik von Moderne und Postmoderne. Vernunftkritik nach Adorno. Frankfurt a.M. : Suhrkamp.

WOLFE, T. 1983. From Bauhaus to Our House. London : Sphere Books.

WOLIN, R. 1984. Modernism vs. Postmodernism. Telos, 62:9-29.

ZAPH, W. 1975. Die soziologische Theorie der Modernisierung. Soziale Welt, 26:212-240.